# Poppekas Storie 2 –Corona Virus

## Bedryf 1

Neelsie (kruip agter 'n bos weg)

Lolla kom verby gestap. Sy hoor iets in die bos. Sy stap nader en kry vir Neelsie.

**Lolla:** Liewe land Neelsie. Hoe laat jy my nou skrik! Wat soek jy in die bos?

**Neelsie** (Steek sy kop uit, fluister hard): Shh! Ek kruip weg.

**Lolla:** Waarvoor Neelsie?

**Neelsie:** Vir die Co-co-coro virus.

**Lolla:** Watse goed?

**Neelsie:** Die nuwe virus man. Dis oral.

**Lolla:** Die Corona virus. Hoe gaan 'n bos jou help teen die virus?

**Neelsie:** Ek kruip in die bos weg sodat die virus my nie kan kry nie. Dis oral en ek is baie bang ek kry dit. Maar as dit my nie kan kry nie, dan kan ek dit nie kry nie.

**Lolla:** Ek dink nie dis 'n goeie plan daai nie Neelsie. Jy kan mos nie vir altyd in 'n bos bly sit nie.

**Neelsie:** Nee, ek kan. Sien ek het kos en 'n flits en my foon. Ek het ook 'n klomp groen hempies sodat ek net soos die bos lyk.

**Lolla:** Ek dink nie dis die manier hoe mens veilig bly van die Corona virus nie. Eintlik is ek seker dit is nie.

**Frikkie** (Kom op.): Hi julle! Wat gaan hier aan? Neelsie wat soek jy in die bos?

**Lolla:** Neelsie, kruip weg vir die Corona virus.

**Frikkie:** Lolla, het jy aan hom verduidelik dat dit nie is hoe dinge werk nie?

**Lolla:** Ek is besig, maar ek dink nie Neelsie verstaan baie mooi nie.

**Neelsie:** Nee, Lolla. Dis jy wat nie verstaan nie. Hierdie plan is perfek.

**Frikkie:** Neelsie, kom net asseblief uit die bos uit. Ek dink ek sien 'n by.

**Neelsie** (Gil en kom uitgespring)

**Lolla:** Neelsie, kom saam met my en Frikkie huistoe en dan sal ek mooi vir jou verduidelik hoe jy veilig kan bly.

**Neelsie:** Ok Lolla. Ek wil in elk geval nie 'n bos deel met bye nie.

Lolla, Frikkie en Neelsie gaan af.

# Bedryf 2

Neelsie, Lolla en Frikkie kom op. Hulle is nou by Lolla se huis.

**Lolla:** Sjoe Neelsie. Ek is bly jy is uit daardie bos uit. Ek het nie geweet jy is so bang vir die Corona virus nie.

**Neelsie:** Ja, Lolla. Ek hoor hy maak mense vreeslik siek en ek wil nie siek raak nie.

**Frikkie:** Ek het dit ook gehoor. Ek hoor mense gaan hospitaal toe.

**Lolla:** Dis reg ja. Dit is nie speletjies nie.

(Lolla kyk na die gehoor)

**Lolla:** Maatjies, het julle dit ook gehoor oor die virus? Wie is ook bang dat hulle die virus gaan kry of dat iemand vir wie julle lief is die virus gaan kry en baie siek raak?

**Neelsie:** Sien, ek is nie die enigste een wat bang is nie Lolla. Oooo hoekom sit ek nou hier in plaas van in my bos?

**Frikkie:** Neelsie, die bos gaan jou nie help nie. Daar is ander dinge wat jy kan doen om nie siek te raak nie.

**Neelsie:** Nou wat kan ek dan doen Frikkie?

**Lolla:** Jy moet 'n masker dra.

**Neelsie:** Soos my Iron Man masker? Gaan dit die virus laat skrik?

**Lolla:** Nee man Neelsie. 'n Masker wat jou mond en neus toemaak dat jy nie die virus inasem nie. Soos hierdie een. (Lolla wys 'n masker)

**Frikkie:** Jy moet ook gereeld jou handjies was. Die slim mense sê as jy twee maal Happy Birthday gesing het, dan is dit lank genoeg. En wanneer jy nie by water en seep is nie, dan saniteer jy met daardie botteltjies saniteerder. Dit beskerm jou ook teen die virus.

**Lolla:** Jy moet ook sosiale afstand hou.

**Neelsie:** Wat is so-si-ale afstand Lolla?

**Lolla:** Dit beteken jy moet ver sit of staan van ander mense af. Omtrent so meter uitmekaar.

**Frikkie:** En as jy hoes of nies, doen jy dit so in jou elmboog. En moenie aan jou gesig vat as jou hande nie skoon is nie.

**Neelsie:** Ek gaan nie al hierdie dinge onthou nie. Ek soek my bos.

**Lolla:** Dis nie so moeilik nie Neelsie. Ek is seker die maatjies gaan als onthou. Maatjies, kan julle vir ons vertel hoe bly mens veilig teen die virus?

**Frikkie:** Wow maatjies, julle is baie slim en het so mooi geluister.

**Neelsie:** Lolla, Frikkie, as die maatjies so mooi kan onthou, dink ek dat ek ook kan. Ek het nie my bos nodig nie. Ek was net 'n bietjie bang, maar nou voel ek beter.

**Lolla:** Die Corona virus maak baie mense bang, Neelsie. En dit voel na baie reëls. Maar kom ons kyk hoe ons sommer 'n goeie les kan maak van al die reëls. Gaan julle my help Frikkie en Neelsie?

**Frikkie en Neelsie:** Ja, Lolla.

**Lolla:** Kom ons drink eers bietjie koeldrank en dan werk ons aan daardie les vir die maatjies.

Lolla, Frikkie en Neelsie gaan af.

## Bedryf 3

Lolla, Frikkie en Neelsie kom op.

**Lolla:** Maatjies, ons het nou bietjie gewerk aan ietsie sodat ons nie so bang hoef te voel nie, maar eintlik 'n bietjie hoop vir ander mense kan bring. Wil julle hoor?

**Frikkie:** Ek het hande was gekry Lolla. As ons liewe Jesus se kinders is, dan is bid baie belangrik maar ook om gereeld vir Jesus te vra om ons sondes te vergewe. So ons kan begin deur ons hande meer gereeld in gebed saam te sit, sodat God ons kan skoon was van ons sondes. Sondes is baie sleg, net soos die Korona-virus.

**Lolla:** Dis nou oulik Frikkie en maatjies. Neelsie, wat het jy aan gewerk?

**Neelsie:** Die sosiale afstand. Nou so sleg soos wat Covid se sosiale afstand vir ons is, so goed is die geestelike sosiale afstand vir ons. Dit leer ons om weg te staan van sonde en alles wat satan op ons pad bring. God hou nie van sonde nie, dit maak Sy hart baie seer, en daarom moet ons probeer om nie naby sonde te kom nie. As ek nie naby dit kom nie – soos sosiale

afstand – dan kan ek dit mos nie so maklik doen nie. Help my gou aan voorbeelde van sonde dink – vloek, baklei, boelie, steel, ens.

**Frikkie: So geestelik moet ons saniteer om die virus, wat sonde in ons geestelike lewe is, dood te maak**. Nou hoe doen ek dit? Jy vertel Jesus van jou sondes, en jy vra Hom om jou daarvoor te vergewe. Het julle geweet, dat God in elk geval alles weet, jy kan niks vir Hom wegsteek nie, so jy kan dit maar net sowel vir Hom vertel. As jy jou maatjie, onderwyser of ouers seergemaak het, of verkeerd teenoor hulle opgetree het, gaan sê dan vir hulle jammer, en vra hulle om jou te vergewe. Vra vir God om jou heeltemal skoon te was van jou sondes.

**Lolla:** En dan is daar masker dra. Die masker gaan mos so oor ons mond en neus. Nou het ek gedink dat ons nie moet vloek nie, en te dink voor ons praat van ander mense. En ons moenie neus in die lug rond loop nie – dit beteken ons moenie dink ons is beter as ander mense nie.

**Neelsie:** Lolla, ek het sommer nou baie geleer. En die dinge is darem baie makliker as om heeldag in 'n bos weg te kruip. Die blare laat my vreeslik jeuk.

**Lolla:** Ek is so bly ons kon help Neelsie. Maatjies, ons hoop dat ons julle ook vandag kon help om minder bang vir die virus te voel. Ek wil vir julle 'n versie in die Bybel lees. Jesaja 41:13 sê: "Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou." Kom ons hou styf aan Jesus vas. Dis nou tyd vir ons om te gaan. Julle moet veilig bly.

**Frikkie en Neelsie:** Totsiens maatjies.

**(Al die poppe beweeg af)**